

## Die sewe laaste plae



### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 15:1; 7:1–3; 14:9, 10; 16:1–12; 17:1; Daniël 5; Openbaring 16:16; II Thessalonicense 2:9–12.

#### Geheeteks:

“ ‘Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig, want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het’ ” (*Openbaring 15:4*).

**O**penbaring 11:18 som die voorbereiding vir die finale stryd teen God se oorblyfsel volk soos volg op: “ ‘En die nasies was vertoornd ...’ ” Die tyd het nou aangebreek dat God op daardie woede moet reageer deur sy toorn, sy grimmigheid, die sewe laaste plae (*Openbaring 15:1*), op die onberouvolle mense uit te stort. Openbaring 15 begin met Johannes wat ‘n visioen van sewe engele met sewe skale wat met Goddelike gramskap gevul is, sien. Maar voordat die uitstorting van sy gramskap plaasvind, word daar nog ‘n visioen van God se getroue volk, aan hom getoon (*Openbaring 15:1–4*). Johannes beskryf hulle as seëvierend oor die dier en sy beeld, en dat hulle op iets soos ‘n see van glas staan, en die lied van Moses en van die Lam sing — hierdie visioene laat jou terugdink aan die Hebreërs op die walle van die Rooi See wat God se oorwinning oor die Egiptenare gevier het (*Eksodus 15*).

Hierdie seëvierende heiliges is dieselfde groep wat na verwys word as die 144,000 in Openbaring 14:1–5. Deur te weier om die merk van die dier te ontvang, word hulle teen die vernietigende uitwerking van die sewe laaste plae, beskerm. Hulle sal binnekort verander word om onverganklike liggame te ontvang (*I Korinthiërs 15:51–54*) wanneer hulle saam met die opgewekte heiliges Jesus sal sien kom in krag en heerlikheid (*I Thessalonicense 4:17*).

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 16 Maart.

## Die betekenis van die sewe laaste plaë

Teen hierdie tyd het die mense wetend hulle keuse òf vir God òf vir Babilon gemaak. Christus is nou gereed om te kom. Voor Hy egter kom, word die vernielende winde wat vasgehou word (*Openbaring 7:1-3*), losgelaat.

**Lees Openbaring 15:1 saam met Openbaring 7:1-3 en Openbaring 14:9, 10. Wat kan ons uit die doel en betekenis van die Egiptiese plaë wat as agtergrond vir die sewe laaste plaë gesien word, leer?**

---

Daar word na die sewe laaste plaë as die “laaste” plaë verwys omdat dit ná die plaë van die sewe trompette volg. Die trompette dek die hele Christentydperk, en die omvang van die skade wat deur hulle aangerig word, word beperk. Dit word uitgevoer terwyl die evangelie nog gepreek word (*Openbaring 10:8-11:14*), en terwyl bemiddeling nog plaasvind (*Openbaring 8:2-5*). Dit word met genade gemeng en die doel daarvan is om die vyande van God se volk tot bekering te bring.

Die sewe laaste plaë aan die ander kant, val net voor die Tweede Koms op sommige wêreldwyd. Dit tref hulle wat, soos Farao, hulle harte verhard het en hulle nie wou bekeer nie (*sien Openbaring 16:11*). Goddelike gramskap is God se reaksie op die keuses wat mense maak (*sien Romeine 1:26-28*), en die verlore nes maai nou die gevolge van hulle eie keuses.

**Lees Openbaring 15:5-8 saam met Exodus 40:34, 35 en I Konings 8:10, 11. Wat stel die verklaring “en niemand kon ingaan in die tempel” (*Openbaring 15:8*) voor met betrekking tot wanneer die sewe laaste plaë val?**

---

Die uitdrukking “en niemand kon ingaan in die tempel” (*Openbaring 15:8*) verwys na die sluiting van die genadedeur. Wanneer Christus se intreebediening in die hemel tot ‘n einde kom, sluit die deur finaal vir ‘n geleentheid om tot bekering te kom. Dit toon dat die laaste plaë niemand tot bekering sal bring nie, maar net die hardheid van die harte van hulle wat Babilon se kant gekies het, sal openbaar, en hulle sal aanhits om God nog meer te haat.

**Kyk na die wêreld vandag wat net erger gaan word. Wat leer die feit dat die plaë so lank teruggehou word, ons oor God se genade en geduld?**

## Die uitstorting van die laaste plaë

Wanneer Christus se intrede vir ons in die Allerheiligste in die hemelse heiligdom tot 'n einde kom, is die bestemming van elke individu vir ewig bepaal. Die tyd het aangebreek vir hulle wat die evangelie verwerp het om God se gramskap ten volle te ondervind. Die sewe laaste plaë weerspieël die plaë wat op Egipte uitgestort was (*Exodus 7–11*). Net soos die Egiptiese plaë die Egiptenare getref het terwyl die Israeliete gespaar was, so sal die eerste vier van die laaste plaë hoofsaaklik die aanbidders van die dier tref, maar by hulle wat God aanbid, verbygaan. Die plaë van Egipte het die hardheid van die hart van Farao geopenbaar en aan die Egiptenare getoon dat hulle gode magteloos was om hulle te beskerm. Net so verhard die laaste plaë die harte van die aanbidders van die dier en toon aan hulle hoe magteloos Babilon is om hulle teen Goddelike oordeel te beskerm.

**Lees Openbaring 16:1–11. Wat gebeur hier, en hoe word dit voorgestel?**

---



---



---



---

Die eerste vier plaë val op al die mense op aarde. Die eerste plaag laat kwaai en bese swere op die aanbidders van die dier kom. Die tweede en derde plaë tref die see en die riviere en die waterfonteine wat in bloed verander. Sonder water om te drink kan die opstandige mensdom nie oorleef nie. Die vierde plaag tas die son aan sodat dit die mense brand en onuithoudbare pyn veroorsaak.

Die onuithoudbare pyn wat deur die plaë veroorsaak word, versag nie die mense se harte om hulle opstandige gesindhede te verander nie. In plaas daarvan vloek en laster hulle God omdat Hy hierdie plaë uitstort. Ook bekeer niemand hulle nie.

In Openbaring 16:10, 11 (*sien ook Exodus 10:21–23*) sien ons dat die vyfde plaag die troon van die dier tref. Dit was Satan wat die troon aan die dier toegeken het (*Openbaring 13:2*). Nou kan selfs die troon van Satan se outoriteit nie die krag van hierdie plaë teenstaan nie. Terwyl die mense ly van die pyn, besef hulle Babilon se onvermoë om hulle te beskerm. Maar, hulle het teen God gedraai en selfs die verskrikking wat die plaë veroorsaak, kan nie hulle harte verander nie.

**Hoe kan ons naby die Here bly sodat wanneer 'n tragedie oor ons pad kom, ons genoeg van God se liefde sal weet om Hom te midde van lyding te vertrou?**

## Die Eufraatrivier se water droog op

**Lees Openbaring 16:12 saam met Openbaring 17:1 en 15. Wat stel die simbool van die Eufraatrivier voor? Wat beteken die opdroog van die Eufraatrivier in die konteks van die sewe laaste plaes?**

---



---



---

In die Ou Testament was die Eufraatrivier 'n uiters belangrike ondersteuningsmiddel vir Babilon en Assirië, die vyande van Israel (*Jesaja 7:20, Jeremia. 46:10*). Die rivier het deur Babilon gevloei en was belangrik vir die stad omdat dit die gewasse langs die rivier gevoed het en water aan die mense verskaf het. Babilon kon nie sonder die Eufraat oorleef het nie. Openbaring 17:1 beskryf eindtyd-Babilon as 'n stad wat "by die groot waters woon", heelwaarskynlik 'n verwysing na die Eufraatrivier (*sien Jeremia 51:13*). Openbaring 17:15 verduidelik dat die waters waar Babilon woon die mense wat dit ondersteun, verteenwoordig; die wêreldwye siviele, sekulêre en politieke magte wat agter die skerms die sisteem ondersteun. Maar, hierdie magte sal uiteindelik hulle ondersteuning terugtrek. Die toneel van die sesde plaag weerspieël die oornam van antieke Babilon deur Kores, die koning van die Perse (*sien Daniël 5*). Volgens die antieke historikus, Herodotus, het koning Bêlsasar en sy maghebbers feesgevier terwyl die Perse die Eufraat se loop weggekeer het, die stad in die rivierbedding binnegekom het en die inwoners toe met 'n aanval verras het. Die simboliese opdroog van die Eufraat in Openbaring 16:12 het tot gevolg dat die eindtyd-Babilon in duie stort. Aangesien die Eufraat in Openbaring die wêreld se siviele, sekulêre en politieke magte verteenwoordig wat Babilon ondersteun, simboliseer die opdroog van die Eufraat die onttrekking van die ondersteuningsmagte wat Babilon sodoende tot 'n val bring. Wanneer die mense in die wêreld die omwenteling in die natuur sien plaasvind (*sien Openbaring 16:10, 11*), kyk hulle na Babilon vir beskerming. Maar, wanneer die vyfde plaag die troon van Babilon se outoriteit tot 'n val bring, sien hulle dat dit nuttelos is om daar te probeer hulp kry. Omdat hulle voel dat hulle mislei was, draai hulle teen Babilon en veroorsaak sodoende die val daarvan (*sien Openbaring 17:16*). Tog, soos wat ons gesien het, verhard hulle hul harte teen God en sy volk. Sodoende word hulle 'n teelaarde vir die finale misleiding wat deur Satan gebruik sal word om die wêreld vir die groot oorlog teen God te vergader.

**Op watter maniere het jy geleer hoe gewaagd dit is om jou vertroue in mense en in mensgemaakte instansies te plaas?**

## Satan se laaste groot misleiding

Openbaring 16:12 sê aan ons dat die doel van die opdroog van die Eufraat is om “die pad van die konings wat van die Ooste afkom”, reg te maak. In die Ou Testament was “die konings van die Ooste” Kores en sy magte wat vanaf die Ooste teen Babilon opgeruk het (*Jesaja 41:25*). Hulle verowering van Babilon het dit vir God se volk moontlik gemaak om na hulle tuisland terug te keer (*Jesaja 44:27, 28*). Op dieselfde wyse maak die simboliese opdroog van die Eufraatrivier dit moontlik vir die koms van die konings van die Ooste om God se eindtydvolk te verlos.

Die konings van die Ooste in Openbaring 16:12 is Christus en sy leërmag van getroues. Hoewel Jesus deur engele begelei sal word wanneer hy terugkom, toon Openbaring 17:14 dat die finale stryd Christus se getroue oorblyfsel teen die sataniese magte sal insluit. In Openbaring 19:14 lei Jesus die leërmagte van die hemel “bekleed met wit en rein fyn linne” wat die klere van die bruid van die Lam volgens Openbaring 19:8, is. As ‘n ewebeeld hiervan word die 144,000 in Openbaring 7 op aarde as ‘n krygsmag wat op die punt staan om die finale stryd aan te pak, uitgebeeld.

**Lees Openbaring 16:13, 14. Wat is die rol van die drie onreine geeste wat soos paddas lyk, in die voorbereiding vir die finale stryd? Hoe is hulle ‘n sataniese namaaksel van die drie engele se boodskappe in Openbaring 14?**

Die opdroog van die Eufraatrivier skud die sataniese drietal. Op hierdie tydstip sien Johannes drie onreine geeste wat soos paddas lyk, uit die drietal se bekke en mond kom. Wat die Egiptiese plaë betref, was die laaste plaag wat Farao se towenaars kon namaak, die paddaplaag (*Eksodus 8:1–15*). Die drie onreine geeste wat soos paddas lyk, is Satan se laaste poging om die werk van God na te maak.

Die drie duiwelse geeste wat uit “die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet” kom, en wat die sataniese drie-eenheid voorstel, verteenwoordig Satan se finale strategie. Satan gee aan hulle mag om wondertekens te doen, en dit dui op die aktiwiteite van die dier wat soos ‘n lam optree (*sien Openbaring 13:13, 14*), en sluit spiritisme in. Wondertekens is deel van Satan se misleidende eindtydstrategie om die wêreld te oortuig om hóm liever as die ware God, te volg (*II Thessalonicense 2:9–12*).

Die onreine geeste wat soos paddas lyk word met ‘n valse evangelie gestuur om die wêreld te verlei om by hulle aan te sluit vir die oorlog teen God se volk. Alhoewel hulle teleurgesteld voel, word die leiers van die wêreld weer verlei, en hulle stel hulself aan Satan beskikbaar teen God se volk. Op hierdie tydstip is die verhoog reg vir die finale oorlog wat die einde van die wêreld aandui, die oorlog van Armageddon.

## Die samekoms vir die finale stryd

**Lees Openbaring 16:16. Hoe suksesvol sal Satan se finale misleiding wees om die mense in die wêreld vir die oorlog van Armageddon te versamel?**

---

---

---

Die misleidende duiwelse wonderwerke sal wêreldwyd sukses behaal. Deur die ware ewangelieboodskap te verwerp, sal mense die leuen glo wat met misleidende wonderwerke gepaard sal gaan (*sien II Thessalonicense 2:9–12*). Hulle sal by 'n plek saamkom wat in Hebreeus Armageddon genoem word, en wat 'n simbool is vir die “laagte van Megiddo”. Megiddo was 'n vestingstad wat in die laagte van Jisreël geleë was aan die voet van die berg Karmel, en was 'n plek wat strategies baie belangrik was. Die laagte van Jisreël is bekend vir baie beslissende gevegte in die geskiedenis van Israel (*sien Rigters 5:19; 6:33; II Konings 9:27; II Konings 23:29, 30*). Openbaring gebruik hierdie uittreksel uit Israel se geskiedenis om die finale groot konflik (wat Armageddon genoem word) tussen God en die bose magte, uit te beeld. Die mense in die wêreld word as 'n verenigde krygsmag onder die leierskap van die sataniese bondgenootskap, uitgebeeld.

Die laagte van Megiddo is klaarblyklik die berg Karmel wat naby die stad geleë is. Dit was die plek waar een van die mees belangrike oorloë in Israel se geskiedenis plaasgevind het wat die profeet Elía en die profete van Baäl ingesluit het (*I Konings 18*). Die kwessie het gegaan oor wie die ware God is. Die vuur uit die hemel het bevestig dat die Here die enige ware God was, en die enigste een was wat aanbid moes word. Openbaring 13:13, 14 toon dat die dier uit die aarde vuur uit die hemel laat neerdaal om die werk van God teen te staan en die hele wêreld te mislei. Armageddon is nie 'n militêre oorlog wat êrens in die Midde-Ooste sal plaasvind nie, maar liever 'n geestelike oorlog tussen Christus en die vorste van die duisternis (*sien II Korinthiërs 10:4*). Die strydvraag in die finale oorlog wat eens en vir altyd opgelos moet word, gaan oor wie die wetlike heerser van die heelal is. Die uitslag van die finale oorlog sal gaan oor wat by Karmel gebeur het – God sal uiteindelik oor die vorste van die duisternis triumfeer.

**Vir baie jare het die mensdom die politieke en militêre woelinge in die Midde-Ooste as tekens van die einde en van Armageddon gesien. Ten spyte van baie voorspellings en datumvasstelling het Armageddon soos wat hulle dit vir hulself voorgestel het, nie gebeur nie. Hoe kan ons onself daarteen beskerm om dieselfde foute te maak deur hierdie spesifieke gebeurtenisse op vasgestelde plekke as die vervulling van Bybelse profesieë te interpreteer?**

## Vir verdere studie:

“Vreeslike verskynsels van ‘n bonatuurlike aard sal eerlank in die hemele geopenbaar word as ‘n teken van die wonderwerkende mag van duiwels. Die geeste van duiwels sal na die konings van die aarde en die hele wêreld gaan om hulle te bedrieg en hulle oor te haal om met Satan te verenig in sy laaste poging teen die regering van die hemel. Deur hierdie werktuie word sowel regeerders as onderdane bedrieg. . . “As kronende toneel in die groot drama van bedrog sal Satan hom voordoen as Christus. Lank reeds het die kerk uitgesien na die koms van die Heiland as die verwesenliking van sy hoop. Die groot bedrieër sal dit nou laat skyn asof Christus werklik gekom het. In verskillende dele van die wêreld sal Satan homself onder die mense openbaar as ‘n majestueuse wese van skitterende heerlikheid wat voldoen aan die beskrywing van die Seun van God soos deur Johannes in Openbaring gegee. (*Openbaring 1:13-15*) Die heerlikheid waarmee hy omring is, is onoortreflik – sterwelinge het nog nooit so iets aanskou nie. ‘n Triomfkreet weergalm deur die lug, “Christus het gekom! Christus het gekom!” Die mense val in aanbidding voor hom neer... In sagte, medelydende woorde verkondig hy sommige van dieselfde heerlike, hemelse waarhede wat die Heiland gespreek het; hy genees die siektes van die mense en dan in sy aangenome karakter van Christus, beweer hy dat hy die Sabbat verander het tot Sondag en hy gebied almal om die dag wat hy geseën het, heilig te hou. Hy verklaar dat diegene wat volhard in die heiliging van die sewendedag sy naam laster deur te weier om te luister na sy engele wat hy gestuur het met lig en waarheid. Dit is die groot, byna onweerstandbare bedrog.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 624.

## Vrae vir bespreking:

1. Lees Jesus se waarskuwing in Openbaring 16:15 wat ingevoeg is in die beskrywing van die voorbereiding vir die oorlog van Armagéddon. Let op na die soortgelyke woorde van Christus se vroeëre beroep op die kerk van Laodicéa (*Openbaring 3:18*). Hoe word die belangrikheid van die boodskap aan Laodicéa vir God se volk wat gedurende die tyd van die voorbereiding vir die finale oorlog leef, hier beklemtoon? Op watter wyse is hierdie boodskap op jou persoonlik van toepassing?
2. Wit klere in Openbaring simboliseer Christus se geregtigheid (Rev. 3:4, 5; 19:7–9). Net hulle wat hulself met die klee van Christus se geregtigheid beklee, sal in staat wees om in die finale stryd vas te staan. Hoe maak iemand sy of haar klere wit en skoon in die bloed van die Lam (*Openbaring 7:14*)?